

# Vrydag 10 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:7, 8

## **Die Ou-Testamentiese beloftes word waar!**

Die HERE het van die Ou Testament af al belowe dat Hy die wêreld gaan vry maak van sonde. Die eindoordeel wat nou aangekondig word, is juis daardie handeling wat voltrek word. Maleagi 4:1, 2: *Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskaare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*

Daar is selfs in die Nuwe Testament terugverwysings na profesieë uit die Ou Testament. Dit bevestig net van nuuts af die geldendheid van die Ou Testament se inhoud. Judas 1:14,15: *En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtal, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.*

Suiwer Nuwe-Testamentiese profesieë oor die wederkoms is glad nie skaars nie: 1 Korintiërs 15:24-26: *Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.*

Die engel se ewige evangelie is in Afrikaans: *die boodskap van ewige blydskap - vir die wat in die Here glo!*

Die stem van die engel is simbolies. In die werklikheid word sy boodskap gehoor in elke huisbesoek, geloofsgesprek, preek, huisbesoek, huisgodsdienst, radio en TV (waar die evangelie reg en suiwer verkondig word, want die antichris gebruik ook al hierdie media).

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*